

Nehemia 8:1-19

Hierdie is ons 4 de preekblaadjie in ons reeks oor Nehemia. Ons het gesien dat die wonderwerk, dat die muur in 52 dae herbou is, plaasvind a.g.v. harde werk.

Nehemia is nie ’n boek wat op sy eie staan nie, maar is deel van die groot storie (die meta-narratief) van God se verlossings verhaal.

Daarom weet ons dat die hele verhaal van Nehemia, wat die muur van Jerusalem herbou, ’n verhaal is wat heenwys na die verhaal van hoe God sy koninkryk bou. Dit is ’n metafoor vir ons van hoe ons as gemeente moet saamwerk sodat God se koninkryk al hoe verder en verder kan versprei.

Lesse:

- Uit hoofstuk een het ons geleer dat ons heel eerste by God moet gaan hoor wat sy wil is vir ons voordat ons sommer reageer op wat ons hoor.
- In hoofstuk 2 sien ons dat Nehemia beplan en die mure gaan inspekteer. Hier is nie sprake van een of ander blinde geloof nie, maar ’n vertroue in die gawes wat God hom gegee het.
- Hoofstuk 3 leer ons dat ons God se koninkryk moet bou net daar waar ons reeds is.
- In hoofstuk 4-7 hoor ons dat daar nie net teenstand van buite was nie, maar ook van binne eie geledere. As jy iets vir die koninkryk van God gaan doen gaan daar weerstand wees.

Regdeur Nehemia sien ons dat hy sekere geestelike dissiplines beoefen:

- Nehemia 1:4 lees ons dat hy gevas en gebid het.
- Nehemia 1:18 lees ons dat hy teenoor ander getuig wat God in sy lewe gedoen het.
- Hofstuk 3 is die dissipline van harde werk en volharding.
- In vandag se gedeelte sien ons hoe belangrik dit vir hom was om die woord van God te bestudeer.

Nehemia het geweet dat herlewing altyd begin by die wil van God. En hy het geweet die wil van God vind ons in God se woord. Ons sou dus kon sê dat die Bybel God se bouplanne is (sy argitek tekeninge) vir geestelike restourasie – in christelike taal sou ons praat van herlewing ("revival").

Dit is ook die storie van Israel. As hulle nie die wet wat God vir hulle gegee het nakom nie dan gaan haal Moses Deuteronomium uit (deutro = 2 en nomos = wet. Letterlik – die 2 de wet).

As Josua op 'n moeilike punt in die geskiedenis van die volk kom met die intog dan kry hy die opdrag om die woord van die Here dag en nag te oordink en daarvolgens op te tree.

Psalm een moedig ons ook aan om die woord van die Here dag en nag te oordink. Die langste gedeelte in die Bybel (Psalm 119) handel juis oor die woord van God.

The word of God ...
is what does the work of God ...
in the lives of the people of God.

In Nehemia 8:2 lees ons dat die hele volk op die plein voor die Waterpoort bymekaargekom het. Die gebruik sou wees om in die tempel bymekaar te kom maar die tempel was opgedeel in verskillende "howe" wat gereserveer was net vir mans, of net vir vreemdelinge, of net vir vroue. Hier wys Nehemia vir ons die radikaliteit van herlewing. Dit is vir almal, en dit is publiek – op die plein, vir almal om te hoor en te sien.

Die Watergate-skandaal was 'n groot politieke skandaal in die Verenigde State wat die administrasie van president Richard Nixon van 1972 tot 1974 geduur het en wat tot Nixon se bedanking gelei het. Die skandaal het gespruit uit die Nixon-administrasie se aanhoudende pogings om sy betrokkenheid by die inbraak op 17 Junie 1972 van die Demokratiese Nasionale Komitee se hoofkwartier by die Washington, D.C., Watergate-kantoorgebou toe te smeer.

Iemand vergelyk die skandaal met dit wat in Nehemia 8 gebeur:

The USA and a Watergate scandal
The Bible and a Watergate revival

Die meeste van die tyd, as ons aan gewoontes dink dan dink ons dit is negatief om sekere gewoontes te hê maar ons leer in Nehemia dat dit baie goed is om geloof gewoontes te hê.

Hebreërs 10:25
Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly **soos party se gewoonte is nie**, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te

gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.

Lukas 4:16
16. Hy (Jesus) het ook in Nasaret gekom, waar Hy grootgeword het, **en soos sy gewoonte was**, het Hy op die sabbatdag na die sinagoge toe gegaan.

Revival = Rebible

Ek is nie ‘n skuba duiker nie, maar een van die dinge wat hulle glo vir skuba duikers leer is dat die suurstof borrels altyd reg is. Daar is natuurlik ’n magdom faktore om in ag te neem, soos strome ens. Die algemene idee is egter dat wanneer jy diep onder water is, en jy is omring van tonne water, is dit somtyds moeilik om te bepaal watter kant bo is. Partykeer is die ouens so seker hulle weet watter kant is bo dat hulle die borrels ignoreer en dan die fout maak om dieper te duik en dan in groot moeilikheid beland weens suurstof tekort. Dit is dan wat jy die borrels moet vertrou, want die beginsel is: Hulle is altyd reg. Hulle toon die pad aan boontoe.

Nehemia kom sê vir ons – vertrou God se woord. Die Bybel werk soos die borrels. Die Bybel toon ook, by wyse van spreke, die pad aan boontoe. Jy kan met ‘n geruste hart die Bybel glo. Dit is die Boek van die lewe. Mag ons elkeen sommer net weer lief raak vir God en Sy Woord.

Ontwikkel ’n goeie gewoonte om God se woord te bestudeer.

BIBLE:
Basic instruction before leaving earth.